Towerlantern Fotografie

fotografienuus

julie 2018

"Winterkleure"
Lensopening: f5; Sluiterspœd: 1/100 sekonde; Fokale lengte: 220 mm

Miskien is jy al mœg om te hoor van die wonderlike herfs. Kom ons verander dan die onderwerp na die wonderlike winter – soos die foto hierby toon. Maar, en dit mœt bygesê word, die herfs is nog nie verby nie, al sê die kalender so. Neem dus steeds foto's van die herfs, soos daar ook nog in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* gewys word.

As jy steeds wonder waarom daar oor die seisœne gepraat mœt word, oorweeg dan die volgende redes: Dit is deel van ons daaglikse leefruimte, dit kan nie misgekyk word nie. Dit is deel van die skepping, dit kan nie ongewaardeerd gelaat word nie. Dit is deel van jou fotografie-belewenis, dit vra om deur jou kamera raakgesien te word.

Kyk beslis in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* na herfsfoto's van nuwe fotografie-vriende. Ons gesels onder andere verder ook oor die voorbladfoto en gee verskillende fotowenke. Geniet dit!

Johan

voorbladfoto

As daar een boodskap is wat ons oor en oor sal beklemtoon, selfs tot satwordens toe, is dit dat jy in jou fotografie moet streef om meer as net die alledaagse foto's te produseer.

Probeer byvoorbeeld om in jou foto's iets dromerig, geheimsinnig, toweragtig – in die algemeen, verby die alledaagse – in te bou. Daar is verskillende maniere om dit te doen. Die meeste daarvan is maklik om te doen, party selfs sonder 'n spesifieke kamera-instelling. Hier is 'n paar moontlikhede:

- ✓ Lê plat op jou maag en neem foto's.
- ✓ Beweeg jou kamera baie effens terwyl jy die foto neem.
- ✓ Gebruik die kamera se witbalansinstellling of ingeboude filters.
- ✓ Maak gebruik van 'n klein velddiepte, kry die komposisie reg vir 'n ver agtergrond, maar fokus op 'n item baie naby.

Let op na die foto hierby, en ook die voorbladfoto, wat 'n toepassing is van laasgenoemde idee. Kyk ook na die riglyne wat gegee word vir die neem van hierdie tipe foto's.

"Herfswarmte"
Lensopening: f2.8; Sluiterspoed: 1/125 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Hœ om 'n toweragtige agtergrond te skep

Riglyne

Om jou te help om 'n toweragtige – of surrealistiese – agtergrond in jou foto's te skep, gee ons die volgende riglyne:

- ✓ *Driepoot*: Maak beslis gebruik van 'n driepoot of ander vorm van stut.
- ✓ *Kameraformaat*: Die toneel sal bepaal of jy landskap- of portretformaat mœt gebruik.
- ✓ *Lenskeuse*: As jy 'n zœmlens het, gebruik dit, en **zœm ver** in (byvoorbeeld tot 200 of 300 mm). Selfs 'n niezœmlens, byvoorbeeld 'n 100 mm-makrolens, sal ook werk.
- ✓ *Komposisie*: Sœk en eksperimenteer heelwat om 'n gœie toneel te kry. 'n Tuintoneel met 'n mooi paadjie met ver en naby onderwerpe werk gœd.
- ✓ *Voorlopige fokussering*: Gebruik beslis handfokussering en vœr dit soos volg uit: (a) Fokus voorlopig op die agtergrond en maak seker dat dit 'n interessante toneel is, ook met 'n verskeidenheid kleure. (b) Ontfokus die agtergrond en fokus dan op 'n onderwerp aan die rand van die komposisie en so **naby moontlik** aan jou om steeds in fokus te wees.



- ✓ *ISO*: Kies soos altyd 'n læ ISO, byvoorbeeld 100 of 200.
- ✓ *Witbalans*: Kyk na die beligting van die toneel en besluit self op die beste keuse.
- ✓ *Lensopening*: Gebruik die **grootste lensopening**, of byna die grootste, wat jy beskikbaar het.
- ✓ *Sluiterspœd*: Gebruik die liniaal om die "korrekte" instelling te kry. Varieer die sluiterspœd trapsgewys deur geleidelik meer en meer te onderbelig. Speel só rond om versadiging van kleure te verbeter.
- ✓ *Fyn fokussering*: Fokus skerp op die naby onderwerp. Let op na die onskerp agtergrond.

Eksperimenteer met verskillende opstellings en instellings. Neem baie foto's. Die drie sinsnedes in swart in die bostaande beskrywing is die geheim tot sukses. Beprœf dit beslis.

NATUURFOTOGRAFIE
in die winter

Natuurfotografie is die afdeling van fotografie waarin daar gespesialiseer word in die fotografering van die natuur. Dit is baie wyd. Net om te begin kan ons dink aan wye terreine soos dierelewe, plantelewe, landskappe, en nog baie meer. Trouens jy hœf maar net wyd te lees en ver te kyk om te besef hœ wyd dié gebied is.

Een inspirasie vir natuurfotografie (soos ook die geval met baie ander afdelings van fotografie) is om tekste te begin lees en foto's te sœk. En Eugène Marais se "Winternag" is 'n besondere gedig om by te begin:

O koud is die windjie
en skraal.
En blink in die dof-lig
en kaal,
so wyd as die Heer se genade,
lê die velde in sterlig en skade
En hoog in die rande,
versprei in die brande,
is die grassaad aan rœre
soos winkende hande.

O treurig die wysie
op die ooswind se maat,
soos die lied van 'n meisie
in haar liefde verlaat.
In elk' grashalm se vou
blink 'n druppel van dou,
en vinnig verbleek dit
tot ryp in die kou!

As hierdie woorde jou nie rœr tot by die koud-verlatenheid van 'n winternag in die veld nie, herlees en herlees die gedig totdat jy één is met die winternag. Kies dan sinsnedes uit hierdie gedig en stel vir jouself die taak om dit as tema vir jou foto's te gebruik. Byvoorbeeld sinsnedes soos "o koud is die windjie", "die lied van 'n meisie" en "vinnig verbleek dit tot ryp in die kou".

Soos die digter tereg sê, ons kan oor natuurfotografie sê dit is "so wyd as die Heer se genade".

Towerlantern Fotografie
– julie 2018 –

Fotogenres

Ons het reeds gesê dat natuurfotografie baie wyd is. Maar natuurfotografie is maar net nóg 'n afdeling of genre van fotografie in sy geheel. Die webblad http://design-grapher.com/types-of-photography/ nœm nie minder nie as 50 fotogenres. En dan kan mens met min mœite nog bynœm. Hier is 10 van dié 50:

blomfotografie
landskapfotografie
mensfotografie
onderwaterfotografie
naakfotografie
sportfotografie
sterfotografie
straatfotografie
voëlfotografie
wildlewefotografie

Die probleem met 'n lys soos hierdie is dat as jy met 'n genre begin, kan jy maklik daarop uitbrei. Begin byvoorbeeld met voëlfotografie, dan kan jy ook skœnlapperfotografie nœm, en spinnekopfotografie, en goggafotografie. Waar eindig jy? Tog gee so 'n lys 'n mens wel 'n idee van die wydheid. Kyk gerus na die webverwysing, ook met die foto's daarby.

Towerlantern se komende kursusse

Ons herinner aan die volgende Potchefstroom-kursusse:

- ✓ Die eerstevlakkursus wat DV op 19 Julie 2018 begin.
- ✓ Die gevorderdevlakkursus wat DV op 21 Augustus 2018 begin.

FOTO uitdaging

Junie se foto-uitdagings

Junie se foto-uitdaging was herfsfoto's. Die tema is maklik, maar daar is daarop gewys dat die beoordelaars sal let op maksimale kreatiwiteit.

Moontlik het die laaste sin lesers afgeskrik, want daar was nie een enkele inskrywing nie. En dus ook geen foto om 'n prys voor tœ te ken nie.

Towerlantern Fotografie
– julie 2018 –

BEKENDSTELLING: FOTOGRAFIEVRIENDE

Ons jongste eerstevlak-fotografiekursus het onlangs klaargemaak. Soos met alle vorige en ander huidige groepe is dit vir ons altyd 'n plesier om mekaar te leer ken en saam die fotografiepad te stap. En hierdie groep was geen uitsondering nie. Ons stel elkeen van dié fotograwe bekend deur middel van 'n foto van hom of haar. Vir die wete: Die tema van die foto's hierby is deurgaans HERFS.

JACO LINDE



TUANETTE JOHNSTONE



LIZE VAN DER WESTHUIZEN

YVONNE VAN DER WESTHUIZEN

SONIA VAN LILL

SUZAAN SCHOUWSTRA

Towerlantern Fotografie

- julie 2018 -

SANTIE KEYTER



LEANDER SWARTZ

RUDOLPH VAN DEN BERG

Towerlantern Fotografie

- julie 2018 -

KYLIE BARNARD



HETTIE KOTZE

CLARINE ROSCHER

Towerlantern Fotografie

- julie 2018 -

Verf met 'n lens

Daar is verskillende tegnieke waarmee jy foto's kan "verf". Een metode is die volgende, toegepas op 'n stillewe: Stel 'n stillewe en kamera op 'n driepoot op. Die vertrek moet redelik skemerig tot donker wees. Gebruik 'n stadige sluiterspoed (sê langer as 1 sekonde). Terwyl die sluiter oop is, "verf" dan die foto met 'n bewegende lig (wit of gekleurd), byvoorbeeld met 'n handflitslig. Onvoorspelbare foto's kan op dié manier verkry word en dis interesant om daarmee te eksperimenteer.

Daar is egter nog 'n metode, en die titel van hierdie bespreking verwys eintlik daarna want dié tegniek word met die lens gedoen. Die foto-voorbeelde hierby wys die idee. Let spesifiek op na die "verfhale" in die agtergrond van die foto's. Stel jy belang om dit ook te doen? Kom loop ons volgende gevorderdevlakkursus. Ons werk uit die boek "Painting with a lens" van Deutschmann & Deutschmann.

Towerlantern Fotografie
- julie 2018 -

Seconde le Resistance

Dit is met leedwese dat ons mœt bekend maak dat Lizané Liebenberg, die inisieerder en organiseerder van Seconde le Resistance weens komplikasies na 'n operasie onlangs oorlede is. Towerlantern se meelewing aan haar familie en vriende.

Ons komende foto-uitstalling

Dit is nog ongeveer 6 weke na Towerlantern Fotografie se volgende jaarlikse foto-uitstalling.

Stuur 10 van jou beste foto's vir ons en ons laat weet jou watter om te laat uitdruk en monteer. En dink net, na die uitstalling kan jy van dié gemonteerde foto's in jou huis hang.

Ons nœm net weer dat die bedœling met hierdie uitstalling is om jou as fotograaf die geleentheid te gee om van jou werke te vertoon. Die geleentheid is NIE 'n kompetisie NIE, en foto's van elke fotograaf wat foto's instuur, sal uitgestal word.

As jy 'n aanlynstudent is, of bloot net ver bly, mag jy ook uitstal, ons sal help met die praktiese aspekte.

Benut jou foto's!

Wat dœn jy met jou foto's? Jy mag dink dit is 'n lawwe vraag, maar antwoord eerlik.
Natuurlik sal jy sê jy bêre dit iewers. Dit mag wees dat dit op 'n veilige of redelik veilige plek is, byvoorbeeld op 'n eksterne hardeskyf of iewers "in die wolke". Maar dis nog nie heeltemal die antwoord nie.
Die vraag is eintlik: Wys jy jou foto's vir iemand? Dit beteken natuurlik dat dit "wysbaar" mœt wees. Hier is 'n paar idees van wat jy kan dœn:

- ✓ Druk jou foto's uit, raam dit en plaas dit in jou huis. Of neem deel aan ons komende foto-uitstalling in Augustus.
- ✓ Kies beste foto's en laat maak 'n kalender vir die volgende jaar. 'n Oulike geskenkidee!
- ✓ Maak 'n portefeulje van foto's wat jy vir vriende kan wys.
- ✓ Maak 'n PowerPoint-aanbieding en vœg musiek daarby. Wys dit, of laai dit selfs op na YouTube. Deel dit met vriende, ook met ons. Ons sal die adres en 'n beskrywing met graagte in Fotografienuus plaas. Om 'n idee te kry hiervan, kyk na 'n beskeie poging by https://youtu.be/Dz-Xm2VB4WI

Redakteur: Johan de Klerk **Bladuitleg:** Fransa Vorster van Colourcode Designs